VERSAMELKUNS GR 2 (B)

Graad 2

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die beginsels van beplanning en tydsbestuur te leer.
2. Te leer om sinvolle en leersame versamelings te maak.
3. Te laat kennis maak met die korrekte wyse om te versamel.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Gelei word sodat sy versameling ‘n sinvolle tema het.
2. Die items oor ‘n tydperk versamel.
3. Sy versameling self rangskik en monteer.
4. In staat wees om oor sy versameling te gesels en leersame feite uit te wys.
5. Minstens 15 voorbeelde versamel.

C AANBIEDING

1. Die Offisier moet die vereistes vir ‘n versameling deeglik met die kind behandel, want dit is die basiese vertrekpunt.
2. Om verwarring en misverstande uit te skakel moet die Offisier al die vereistes wat hy stel vir die versameling op skrif aan die kind gee.
3. Die Offisier moet voortdurend vra hoe dit gaan met die versameling en ook raad gee waar nodig. Hou deeglik kontrole oor die vordering.